

S.A. POLISIEREEKS
PRONKBOEKE
MEIRING FOUCHÉ
GEHEIM
van die
SEDERBERG

Toe die wakker jong konstabel Henk van Reenen na die afgeleë polisiepos aan die voet van die Sederberge verplaas is, het hy uitgesien na die rustiger lewe tussen die plaasmense.

Maar hy sou baie gou tot ontnugtering kom. Hy sou vind dat selfs die afgeleë platteland vandag nie meer gevrywaar is teen die boewery van die stad nie.

Sommer met sy aankoms loop die spanning hoog en gou daarna bevind hy hom in die kloue van die dood. Was dit nie vir 'n aantreklike jong boernooi nie, kon dinge dalk vir Henk 'n baie lelike wending geneem het.

## INHOUD

*Hoofstuk* *Bladsy*


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Spore langs die pad ... ... ... ... ... | 5 |
| 2. | 'n Sigaretstompie ... ... ... ... ... | 16 |
| 3. | Die verlate Opstal ... ... ... ... ... | 30 |
| 4. | Tekens in die Stof ... ... ... ... ... | 39 |
| 5. | Donker Spatsels ... ... ... ... ... | 50 |
| 6. | Grusame Ontdekking ... ... ... ... | 64 |
| 7. | Skote in die Nag ... ... ... ... ... | 74 |
| 8. | Pad na Gevaar ... ... ... ... ... | 83 |
| 9. | Afrekening ... ... ... ... ... ... | 94 |
| 10. | Wedren van die Dood ... ... ... ... | 102 |


Hoofstuk 1

## SPORE LANGS DIE PAD

KONSTABEL HENK VAN REENEN is bly toe hy die streep stof met die grootpad sien aankom. Die motortjie waarmee hy uit Kaapstad op pad is, het besluit om hom in die steek te laat op hierdie godverlate knersvlakte voor die Sederberg in Wes-Kaapland. Dit is die eerste maal dat Henk van Reenen hierlangs beweeg en hy moet sê dat hy nie baie in sy skik is met die wêreld wat hy hier aangetref het nie.

Toe hulle hom meegedeel het dat hy verplaas is na die plekkie Bloudoring voor die Sederberg, was Henk van Reenen nogal in sy skik. Hy het daarna uitgesien om verplaas te word na 'n afgeleë plek waar dit rustiger is, waar hy met plattelandse mense in aanraking kan kom, waar hy 'n bietjie kan skiet en waar hy ook moontlik kan bergklim. Henk hou van die platteland want hy het in Oos-Kaapland op die platteland grootgeword.

En nou het hy hierdie teleurstelling. Hy stap seker al byna ses myl. Hy voel al voetseer, dors en net lekker honger. Hy het hom verbeel dat hy nooit iemand op hierdie pad sal raakloop nie. Dit strek oor die knersvlakte so ver as wat die oog kan sien. So 'n gelyk, oninteressante, dorre, kaal wêreld het hy nog nooit gesien nie. Dit lyk soos 'n woestyn hier en dit is so verlate dat Henk af en toe om hom heen kyk om te sien of hy dan nie iewers iets gewaar nie.

En nou sien hy die stof ver voor hom in die grootpad aankom. Dit is 'n verlossing. So ver hy gekom het, het hy nog geen aanduiding van 'n plaas of iets van dié aard gewaar nie. Dit lyk asof die hele wêreld hier gesterf het en asof geen menslike wese nog ooit hier beweeg het nie.

Toe hy die streep stof sien aankom, begin Henk sommer stadiger loop. Geen rede waarom hy hom nou moet inspan nie. Wie ook al in daardie motor is, sal hom seker oor die weg help.

Hy hoop net hulle het water in die motor. Hy hoop ook dat wie ook al in daardie motor is, 'n bietjie kennis het van 'n motor se masjien. Hy het gevroetel en gepeuter aan die masjien van sy motortjie maar hy kon die ding nie weer aan die gang kry nie. Ten einde raad het hy toe maar aan die loop gegaan in die hoop dat hy iewers hulp sal kry.

Nader en nader kom die streep stof en hoe nader die motor kom, hoe dankbaarder voel Henk van Reenen. Sy dors is strawwer as wat hy hom eers verbeel het. Sy voete voel geknel in sy skoene. Waarlik, hy is nie lus om veel verder te stap nie. Daarom gaan hy maar langs die pad staan en wag die motor in.

Konstabel Henk van Reenen staan oop en bloot daar op die knersvlakte. 'n Oomblik herinner hy hom dat hy iewers op 'n landkaart die naam Knersvlakte gesien het. Maar hy is seker dit is nie hierdie vlakte nie. Daardie Knersvlakte wat op die landkaart so aangemerk staan, is heel waarskynlik nog erger as hierdie een wat hy in sy gemoed sommer die knersvlakte noem.

Hulle wat daar aankom, kan nie anders as om hom raak te sien nie. Hy staan skaars 'n tree uit die pad.

Tog kom die motor teen 'n aansienlike vaart. Hy sou meen dat hulle nou reeds heelwat stadiger moes begin ry om by hom te kan stilhou. Daardie voertuig beweeg seker teen sowat sewentig myl per uur. Nou is die motor baie naby hom. Dit lyk asof hulle nie gaan stilhou nie.

Verbaas tree Henk van Reenen tot byna in die middel van die pad, steek sy hande omhoog en swaai sy arms om te beduie dat hy graag wil hê die motor moet stilhou.

Tot sy verbystering sien hy dat hulle glad nie hul snelheid verminder nie. Dit kom hom eerder voor asof daardie motor nou vinniger loop. Dit is nou skaars vyftig tree van hom af. Die masjien dreun diep. Dit is 'n groot, kragtige voertuig wat 'n allemintige streep stof opdryf.

Henk van Reenen waai nog 'n maal sy hande wild en nadruklik om hulle te laat verstaan dat hulle tot stilstand moet kom. Hulle móét hom tog sien. Hy staan dan feitlik in die middel van die pad.

Hy sien die groot neus van die voertuig. Die dreuning daarvan



word byna oorverdowend in sy ore. Hy hoor die sang van die wiele oor die grondpad.

Die volgende oomblik is die motor byna soos 'n monster bo op hom. Hy raap hom op en spring uit die pad en net toe hy grondvat storm die swaar voertuig verby. Daar is 'n digte walm stof en met die wegspring het Henk gesruikel en onderstebo geval. Die stof is so verstikkend dat hy daarvan hoes en proes.

Hy kyk die jagende motor agterna en probeer die nommer uitken, maar in die digte stof is dit onmoontlik. Hy sien dat dit 'n swaar, redelik moderne motor is. Dit is 'n Amerikaanse model. Dit is al. Verder kan hy niks vasstel nie.

Toe die voertuig by hom verbyjaag, fluit en gons die klippe oor sy kop soos hulle deur die wiele opgeskiet word.

Henk van Reenen kom totaal uit die veld geslaan orent. Die stof dwarrel nog steeds om hom. 'n Ent verder sien hy die digter kol stof waar die motor wegjaag in die rigting van Ceres.

Die jong konstabel met sy digte, donker hare en sy ligblou oë, met sy skraal, maer, lenige figuur, is woedend daar waar hy staan. Het die mense dan geen gevoel vir iemand anders nie? Wat het hulle daarmee voor om by hom te kom verby jaag terwyl hulle goed genoeg kon sien dat hy hulp nodig het?

Woede is egter nie die vernaamste emosie by Henk van Reenen hier waar hy nou langs die pad sy klere staan en afstof nie. Hy het 'n ander definitiewe indruk gekry. Toe die motor byna reg op hom was, op die oomblik toe hy wegspring, het hy duidelik die indruk gekry dat die motor effens swenk—reguit na hom toe swenk. So asof die bestuurder dit in sy kop gekry het om hom, wat Henk is, sonder meer uit die pad te stamp as hy dan nie wil padgee nie.

Dit verbaas die jong konstabel. Wat sou die man besiel het om dit te doen? As hy nie weggespring het nie, was hy heel moontlik dood, en teen daardie snelheid sou die motor hom verpletter het. Daaromtrent het hy nie die minste twyfel nie.

Vir 'n oomblik dink hy dat hy hom darem maar seker misgis. Maar toe die stof bedaar en hy 'n entjie op die spoor van die motor loop, sien Henk van Reenen dat die motor sonder die minste twyfel na hom toe geswenk het. Dit is duidelik uit die

spore van die voertuig. Op 'n plek seker twintig of dertig tree van waar hy gestaan het, swenk die spore skerp na regs—reg op die plek af waar hy gestaan het.

Hy staan daar rond in die son en kyk die streep stof agterna. Die motor klim reeds teen die ver bult waaroor hy aangestap gekom het. Hy frons, hy hoes nog 'n keer en kyk weer na die spoor van die motor. Hy kom tot één gevolgtrekking—die bestuurder wou hom uit die pad gestamp het, net so seker as wat hy leef. Dit sou gebeur het as hy nie vinnig genoeg en ver genoeg weggespring het nie.

Maar waarom? Wat het die man besiel? As hy in sy polisieklere was, kon hy dit miskien nog verstaan het. Dalk het hulle wat in die motor sit, kwaad gedoen iewers. As hy dan sy uniform aangehad het, sou hulle dalk by hom wou verbybars. Maar hy is in gewone klere geklee. Hy kan, wat hulle betref, net sowel 'n boer of iemand anders wees. En tog het hulle hom opsetlik probeer raakry.

Henk van Reenen gaan sit op 'n klip langs die pad en dink verder na. Die model van die motor sal hy probeer onthou. Hy het 'n taamlike duidelike indruk daarvan gekry. Die bestuurder, onthou hy nou, het vir hom soos 'n blanke gelyk, maar toe onthou hy nog iets wat hom verder ontstem. Die man voor langs die blanke het vir hom soos 'n Indiër gelyk, of 'n donker Kleurling. Hy kon nie sien of daar mense agter in die motor is nie.

Die voertuig het so vinnig op hom afgejaag dat hy nie veel tyd gehad het om te kyk wie daarin sit nie. Maar hy het definitief die indruk dat die bestuurder 'n blanke is en dat sy metgesel 'n nie-blanke is. Snaakse kombinasie, dink Henk. Miskien ook nie so snaaks nie. Moontlik is dit 'n handelsreisiger, en moontlik is die nie-blanke langs hom die bestuurder.

„Ja, dit is seker maar wat dit is," sê Henk. Hy weet dat handelsreisigers in baie gevalle nie daarvan hou om langs die pad voorgekeer te word nie. Baie maal is hulle haastig huis toe. Baie van hulle het al onaangename ondervindings beleef met mense wat hulle opgelaai het. Daar is van hulle al aangerand deur mense wat hulle langs die pad voorgekeer het. Miskien moet hy die



man nie blameer nie. Die feit dat die man na hom toe geswaai het, kan miskien ook niks beteken nie. Dalk wou die kêrel hom net skrikmaak om uit die pad pad te gee. Hy was vasbeslote om nie stil te hou nie en toe hy sien dat die man in die pad nie wil padgee nie, swenk hy effens na hom toe en dit het ook die gewenste uitwerking gehad, want Henk het hom toe baie vinnig uit die voete gemaak.

Henk van Reenen sit 'n hele ruk daar op die klip. Hy voel verward, onseker en 'n bietjie doelloos. Wat nou gedaan? Hy sien waarlik nie kans om om te draai na sy motortjie toe nie. Hy stap dalk die ent terug sonder dat hy iets kan uitvoer. Hy verwens homself dat hy nie meer van motors weet nie. Maar dit is nou een ding waarin hy nou nie eintlik belangstel nie. Wanneer sy kollegas in Port Elizabeth gewoonlik aan hul motors gevroetel het, het hy gaan swem of gaan stap of êrens op 'n plaas gaan skiet. Nou betaal hy die prys daarvoor omdat hy niks van 'n motor weet nie. Hy trek sy skoene 'n slag uit en druk aan sy voete. Hulle voel warm en seer. Die dors kwel hom. Hy roer die klippie onder sy tong en dit help ook nie juis meer nie.

Hy kyk met die groot pad langs en hy sien dat die stof van die motor nou oor die bult verdwyn het. Toe kyk hy in die rigting waarin hy stap, en hy sien hoedat die pad skynbaar eindeloos voor hom uitstrek.

Eindelik besluit hy dat daar vir hom maar net een genade is: hy moet maar aansukkel met die pad langs en kyk waar hy uitkom. Hy voel glad nie gemaklik nie. Henk van Reenen het nie 'n bang haar op sy kop nie; hy sal 'n gevaar instorm sonder om twee maal te dink, maar hy weet goed genoeg dat hy nie teen 'n onbarmhartige natuur bestand is nie. Hy dink aan die berig wat hy gelees het van 'n jong man wat in Suidwes so aaklig gesterf het. Hy was ook sonder kos en water en het teëspoed met sy motor gekry. Hy het ook begin aanstryk en sonsteek gekry. Hy is daarvan dood in die veld. Henk trek sy hoed werktuiglik dieper oor sy kop. Van sonsteek sal hy nie wil doodgaan nie, en hy voel baie dors en honger. Hy begin al uitgeput voel. En hoe lank moet hy dalk nog aanstryk voordat hy by mense uitkom? Hierdie wêreld lyk so wild en onherbergsaam. Tien teen

een sal hy nog twintig myl moet aanstrompel voordat hy by mense uitkom. Maar wie weet, dalk kom hy weer 'n motor teë en dalk sal dié bestuurder nie so onvriendelik wees soos die een wat so pas by hom verby is nie.

Daarom begin Henk maar weer aanstryk. Hy gaan deur 'n lang, plat duik. Toe is hy aan die voet van 'n skotige bult.

Dit is net toe Henk die bult wil vat dat hy besluit om eers 'n bietjie te blaas onder 'n groterige soetdoring wat 'n entjie van die pad af staan. Hy swaai daarheen en gaan die koelte binne. Hy weet nie wanneer hy weer 'n koelteboom raakloop nie en daarom wil hy nou eers 'n bietjie rus.

Dit is toe hy onder die boom ingaan, dat iets onmiddellik sy aandag trek. Daar is spore in die skaduwee. Dit lyk soos velskoenspore. Dit lyk asof 'n persoon hier in die koelte gewag het op iets. Die plek is vol spore getrap.

Hy wonder wie dit kan wees. Die soetdoring staan half op 'n knop, net teen die voet van die bult en hiervandaan kan 'n mens mooi afkyk met die leegte wat hiervandaan in die rigting van die Sederberg strek.

Henk begin die wêreld deur te kyk. As hy iemand hier sien, kan die persoon hom dalk iewers heen beduie. Hy kyk aandagtig met die breë leegte af en toe sien hy beweging. Hy staan sommer vorentoe toe hy dit gewaar. Dit is blykbaar net een persoon, en die persoon beweeg in die rigting van die Sederberg. Hy is op 'n hele afstand. Seker byna 'n myl ver. En daardie man laat nie gras onder sy voete groei nie. Hy beweeg vinnig.

Henk voel lus om op die man te skreeu, maar toe besef hy dat dit nodeloos sal wees omdat die persoon reeds te ver is. Hy kan dit nie mooi uitmaak nie, maar hiervandaan lyk dit vir hom soos 'n nie-blanke. Hy wonder waarom die man so haastig is. Hiervandaan lyk dit asof hy hardloop en hy lyk 'n groot fris kêrel.

Henk kyk hom 'n rukkie agterna en toe besef hy dat hy op geen manier met die persoon in verbinding kan kom nie. Hy is sekerlik te pootuit om hom agterna te sit.

Hy gaan sit op 'n klip in die skaduwee en hy kyk op die grond voor hom. Toe sien hy iets wat sy aandag trek. Dit is half toe onder die sand en hy kan dit nie mooi uitmaak nie. Maar toe hy



noukeuriger kyk, sien hy dat dit 'n stukkie papier is. 'n Stukkie rooi papier. En onmiddellik ken hy dit uit as 'n stukkie wat uitgeskeur is uit 'n hoek van 'n pakkie sigarette. Dit is eienaardig, dink hy. As die man wat so vinnig in die rigting van die Sederberg beweeg dan 'n skaapwagter is, soos hy gemeen het, dan sou hy tog seker nie sigarette rook nie. Of is die skaapwagters in hierdie omgewing so bemiddeld dat hulle sigarette rook? Maar wie sê dit is daardie persoon wat hier 'n pakkie sigarette oopgemaak het?

So moeg soos hy is, staan Henk dadelik op. Hierdie is die soort ding wat hom altyd nuuskierig maak. Hy loop 'n paar tree uit in die son en hy sien twee dinge. Hy sien 'n spoor wat uit die rigting van die Sederberg na die soetdoring toe kom en hy sien 'n spoor wat van die soetdoring af in die rigting van die Sederberg voer. Met ander woorde, daardie persoon wat hier gerus het, het van die Sederberg se kant af gekom, hier gewag, blykbaar 'n pakkie sigarette oopgemaak en toe weer padgegee in die rigting van die Sederberg.

Toe Henk omdraai, is hy seker dat die persoon wat hy sien beweeg, die een is wat hier in die koelte gerus het. Meteens is hy eintlik ook nie meer bewus van sy uitputting nie. Hier is iets aan die gang wat hom nuuskierig maak. 'n Rukkie gelede het 'n motor hom byna uit die grond geruk en hier sien hy nou vreemde spore en hy sien 'n man wat hom na die Sederberg haas.

Henk besluit dat hy genoeg gerus het. Hy stap weer onder die skaduwee uit in die rigting van die pad. Maar hierdie keer hou hy die grond noukeurig dop. Toe sien hy nog iets wat hom interesseer.

Dit is duidelik dat die persoon wat hier gesit het, na die pad gestap het en terug. Die spore lê duidelik genoeg. Henk van Reenen volg die spore tot langs die pad en daar sien hy iets wat hom behoorlik hond se gedagte gee.

Daardie motor wat hom so byna omgery het, het blykbaar hier stilgehou en die man wat onder die soetdoring gerus het, het blykbaar by die motor kom staan. Sy spore is duidelik in die stowwerige grond daar langs die pad. En net so duidelik is die spoor van die motor.

Henk ondersoek dit alles noukeurig maar hy sien niks verder nie. Net die voetspoor en die motorspoor.

Hy besluit om dadelik verder te stap. Hy moet nou die skotige bult vat en terwyl hy aanstryk, dink hy na oor wat hy nou pas gesien het. Dit is 'n interessante besigheid, dink Henk, en tog, is dit werklik so danig interessant? Is dit nie maar 'n skaapwagter wat onder die boom gesit en wag het of altans gesit en rus het nie? Die mense in die motor het hom miskien gesien, hom nader geroep en hom gevra hoe ver dit nog na 'n sekere plek is en of hulle op die regte pad is. En vir sy moeite het hulle hom miskien 'n pakkie sigarette present gegee. Dit is tog nie so onmoontlik nie.

Tog het Henk 'n eienaardige gewaarwording. Hy begin sommer aanstryk. Hy wens hy kan nou gou by mense uitkom.

Toe hy bo-op die bult kom, kyk hy eers voor hom uit en toe na weerskante van die pad op soek na 'n huis of selfs na 'n stroois. As hy selfs net by 'n stroois uitkom, kan hy minstens water drink en miskien 'n stukkie vleis braai.

Maar hy sien absoluut niks. Die onvriendelike wêreld strek gelyk om hom uit. En hy gewaar geen teken van lewe nie.

Hy kyk na links en hy sien die groot massa van die Sederberg met sy klowe, sy spitse, sy tande. Die groot berg lyk vir hom hiervandaan so skoon, maar ook so onherbergsaam . . .

Dit is eers laat die middag toe Henk weer op 'n bult uitkom en ver op links, 'n ent van die pad af, die klein wit plasie gewaar. Hy sug van verligting, hy veeg die sweet uit sy oë en hy gaan sommer van pure dankbaarheid weer op 'n klip langs die pad sit. Hy sit egter nie lank voordat hy sy reis hervat nie. En hy hoop net dat daar by daardie plasie mense sal wees.

Dit is eers 'n rukkie voor sononder toe Henk van Reenen die werf van die plekkie opgestap kom. Hy is uitermate moeg, dors en honger. Hy voel bly omdat hy op die werf tekens van lewe sien. Voor die klein waenhuisie staan 'n bakkie. Op die werf loop 'n paar hoenders rond en daar eenkant sien hy 'n paar skape wat vir hom soos hanslammers lyk.

Hy klop hard op die deur en hy hoor die swaar voetstappe binne. Dit is 'n jong man wat kom oopmaak. 'n Man met blonde hare en 'n rooierige, vriendelike gesig. Sy grys oë lag sommer



toe hy Henk so bedremmeld en so vol stof voor hom sien staan.

Henk stel hom dadelik voor. „Ek is konstabel Henk van Reenen. Ek het teëspoed op pad gehad."

„Ek is Pieter Senekal," sê die jong man. „Jy lyk moeg, konstabel. Kom asseblief binne."

Henk stap binne en Pieter Senekal kan dadelik sien dat die man tot die dood toe moeg moet wees en dat sy voete ook baie seer is.

In die klein voorhuisie staan 'n bejaarde, gesette vrou op. Pieter Senekal stel haar aan Henk voor as sy moeder. Mevrou Betta Senekal.

„O, so, dan is jy seker die nuwe konstabel op Bloudoring, nie waar nie?" vra mevrou Senekal.

„Dit is reg, mevrou," antwoord Henk. „My motor het gaan staan en ek was verplig om voet te slaan hierheen."

„Marie," roep Betta na die kombuis se kant toe, „bring vir ons drie koppies koffie. Jy sal seker koffie drink, konstabel?"

„Baie graag, mevrou," sê hy. „Maar eers wil ek u pla vir 'n glas water, asseblief."

Pieter Senekal gaan na die kombuis en na 'n paar oomblikke kom hy met 'n glasbeker vol yswater terug.

Henk skink die glas twee maal na mekaar vol en drink dit uit. „So," sê hy, „dit is beter."

„Wat sou jou motor dan makeer, konstabel?" vra Pieter.

„Die hemel weet," sê Henk. „Ek het alles geprobeer maar ek kry dit nie aan die gang nie."

„Hoe ver is dit hiervandaan?" sê die jong boer.

„Seker goed 'n twaalf myl."

„Goeie genade," sê Betta. „Dan het jy hierdie hele afstand gestap?"

„Ek is bevrees so, mevrou," sê Henk.

Toe hy beweging in die deur sien, kyk hy op. Hy sien haar binnekom en sy is soos iemand wat hy nog nooit gesien het nie. Sy is klein, sterk gebou, intens donker, met twee vriendelike swart oë wat onmiddellik vir hom glimlag.

„Dit is my dogter, Marie," sê Betta. „Sy werk in die stad maar sy het nou vir ons kom kuier. Dit is konstabel Van Reenen."